



Ter wille van verdienstelike sake

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Toe Mari van Wyk in 2019 aankondig *Ek gaan Kilimandjaro uitklim*, het haar man, dr Gafie van Wyk van Gemeente Kaapstad, geantwoord: *Ek is seker dat jy dit sal kan doen...*

Berg Kilimandjaro, die hoogste piek in Afrika en die hoogste alleenstaande berg in die wêreld. Na haar eerste klmsessie in die berge van Jonkershoek ter voorbereiding, het die aanvanklike vrees plek gemaak vir doelgerigte oefen, fokus en entoesiasme.

Waarom is uitdagings soos hierdie so belangrik in die tye waarin ons leef? Wat inspireer mense soos Mari en prof Thuli Madonsela om geld uit te gee, die byna onmoontlike te doen en berge te gaan uitklim in 'n poging om 'n miljoen dogters te help? Hoekom reik hulle uit na ander wat hulle glad nie ken nie?

Mari, ma van twee seuns, se motivering in 2019 was om die menswaardigheid van jong dogters te herstel en 'n bydrae te maak sodat hulle hul skoolloopbane kan voltooi. Die behoefte aan noodsaaklike sanitêre ware vir dogters op skool is ongekend. Volgens navorsing wat in 2018 deur die Universiteit van Stellenbosch se Regskliniek gedoen is, verloor ongeveer 30% van skooldogters in Suid-Afrika sowat 50 skooldae gedurende hul menstruasiesiklus en het hulle ook nie fondse om sanitêre ware te koop nie.

Daar was twee groepe wat gedurende 2019 Kilimandjaro uitgeklim het vir hierdie verdienstelike saak. Mari was deel van Thuli Madonsela se groep wat in Augustus vertrek het met die doel om op 9 Augustus 2019, Vrouedag, die piek van die berg te bereik. Vir elkeen van die klimmers was daardie piek baie meer as net die piek van die hoogste berg in Afrika. Dit was die verpersoonliking van elke dogter wat haar eie berg "klim" in moeilike omstandighede. Fondse wat deur die veldtog ingesamel is, is gebruik om sanitêre ware aan skoolgaande dogters te voorsien.

Toe sy gevra is of sy nie bang is om Kilimandjaro te klim nie, was haar geloofsgetuigenis daar: *Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop* (Hab 3: 19). *Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig staan* (Ps 18: 34).

As uitvloeisel van die 2019-ekspedisie is beplan om in Augustus 2020 die drie pieke Mount Meru, Mount Mawenzi en Mount Kilimandjaro te klim en te bereik op 1 September 2020, die eerste dag van Internasionale Dowebeustheidsmaand. Fondse wat deur hierdie veldtog ingesamel sou word, sou gebruik word vir kogleëre inplantings vir kinders wat doof gebore word en gehoorapparate vir dowe kinders.

Mej Dowe SA 2018, Mev Dowe SA 2018 en Mnr Dowe SA 2018 sou deel wees van die span saam met Mari en die *I Understand Now Foundation* wat die drie pieke sou uitklim. Dié stigting se leuse is: *Don't judge a man or profess to understand his life unless you have walked a mile in his shoes*. Met die wêreldwye Covid-19-pandemie is hierdie ekspedisie egter verskuif na 2021.

Dit is vroue soos Mari wat ons inspireer. Haar lewe is en was nie net maanskyn en rose nie, maar as gelowige en as vrou verstaan sy wat dit beteken om jouself uit te daag. Sy leef voluit en is 'n naaste vir ander.

(Lees in *Die Christelike Vrou* van Augustus 2020 meer oor "die klim".)

Ds Kathleen Smith en mev Mari-lizé Beukes

Lief en leed

- **Mev CM (Carie) Breytenbach**, weduwee van ds JH (Jan) Breytenbach wat in 2007 oorlede is, is Woensdagoggend 12 Augustus oorlede. Ons innige meegevoel gaan aan haar familie.
- Sedert die begin van die grendeltyd op 26 Maart voer **prof Piet Geysers** (emeritus, 76) 'n uitmergelende lewenstryd, nou reeds meer as 140 dae, wat hy met merkwaardige veggees volgehou het. Hy is by Wilgers-hospitaal opgeneem vir galblaasontsteking wat in sepsisemie ontaard en al sy organe aangetas het. Na 76 dae in die intensiewesorgeenheid is hy op 10 Junie na die akuterehabilitasie-eenheid by Eugene Marais oorgeplaas. Ongelukkig het hy daar ernstige longontsteking opgedoen, en na ses weke is hy op 22 Julie in die subakute-eenheid van Hazeldean-hospitaal opgeneem. Hier het hy aanvanklik baie goed op die terapie gereageer, maar moes na 'n insinking weer na Wilgers se kardio-hoësondeerheid oorgeplaas word om gestabiliseer te word. Nierversaking, 'n bakteriële infeksie en dehidrasie het hom verder verswak. Die gesin is verder beproef deur die grendelreëls. Beperkte toegewings is aan sy vrou, Louise, toegestaan om hom te besoek. Hul drie dogters is slegs een of twee keer toegelaat. Hul liefde, geloof, deernis en toewyding spreek van die oneindige groot genade van die Here en hoe hulle hierdie genade uitgeleef het. In hierdie stadium, veral na die jongste insinking, is hulle nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik gedreineer. Ons bid vir prof Piet en sy naasbestandes in hierdie uiters moeilike omstandighede.
- **Ds Paul Jooste** (emeritus, 77) is steeds in Kloof-hospitaal nadat hy met Covid-19 gediagnoseer is. Hy verloor te veel bloed weens die bloedverdunner, maar sy suurstofvlakke het wel verbeter. Hy ontvang nou voeding via 'n drupapparaat, en daar is kommer oor sy niere. Ons bid hom en sy naasbestandes die Heer se krag en bystand toe.
- **Ds Maritza en Pierre Oosthuizen** (Belfast/Waterval Boven) se seun, Joshua, is op 5 Augustus gebore. Hy het 3,9 kg by geboorte geweeg, maar moes weens komplikasies in die neonatale intensiewesorgeenheid opgeneem word. Hy is gelukkig op 11 Augustus na die pediatriese saal oorgeplaas en vorder nou goed. Baie geluk aan die egpaar, en ons is saam dankbaar dat die aanvanklike probleem opgelos is.
- **Ds Chantelle du Toit-Phillipson** is Sondag 2 Augustus deur ds André Swanepoel in Meyerton-Suid bevestig. Die Kommissie van die AKV is by die geleentheid verteenwoordig deur oudl Faan Beeslaar. Ons wens ds Chantelle 'n suksesvolle en gelukkige dienstydyperk in haar nuwe gemeente toe.
- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 13 Augustus: Ds JMJ (Jan) de Wet (emeritus)
 - Dinsdag 18 Augustus: Dr GMJ (Gafie) van Wyk (Kaapstad)
 - Woensdag 19 Augustus: Dr CJ (Christo) Viljoen (emeritus), di HF (Hennie) la Grange (Kampersrus) en JD (John) Putter (emeritus)
 - Donderdag 20 Augustus: Ds MM (Marike) van der Merwe (beroepafwagting)
- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
 - **Oekraïne:** Bid vir Bybelwerk in dié land te midde van plaaslike en internasionale krisis. Bid vir al hul projekte en dat hulle spesifiek die jeug en studente sal bereik.
 - **Oesbekistan:** Bid vir die Bybelsaak in hierdie land waar Islam die meerderheidsgeloof is. Bid dat God die Bybelgenootskap se personeel sal lei in hul werk om die Woord in verskillende formate beskikbaar te maak.
 - **Tadjikistan:** Bid dat God Bybelwerk in dié land sal seën. Bid dat hulle enige struikelblokke wat hulle verhoed om die Bybel in geskikte formate en vertalings beskikbaar te maak, sal oorkom.
- **Virtuele draf en stap vir hoop.** Help jou gemeente om vanjaar se doelwit vir **Bybelverspreiding** te bereik deur in te skryf vir die virtuele **Draf en stap vir hoop** van **22 tot 23 Augustus**. Gebruik die skakel <https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/> om te registreer. Jy kan kies vir watter afstand jy wil inskryf. Maak ook seker dat jy jou



Prof Piet en Louise Geysers



Ds Paul Jooste



Ds Chantelle du Toit-Phillipson



kerkverband en gemeente se naam invul sodat jou inskrywingsgeld as 'n bydrae van jou gemeente toegeken kan word (**bv: NH + gemeentenaam**). Almal wat inskryf, ontvang 'n spesiale virtuele medalje (sertifikaat) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika as bewys dat jy in 2020, die jaar van ons 200ste verjaardag en tydens die geskiedkundige tyd van inperking, vir hierdie unieke geleentheid ingeskryf het en gehelp het om God se boodskap van hoop te versprei. Nooi asseblief jou familie en vriende uit om ook in te skryf. In hierdie tyd het mense nog 'n groter behoefte aan die Hoop waarvan God se Woord ons leer.



Gemeentes en bediening

- **Prof Bieks Beukes** (emeritus) benodig inligting oor die eerste vroue in die ampte van diaken en ouderling in die Kerk. Die AKV het in 1970 die amp van diaken vir vroue oopgestel. Ann Kay van Durban-Suid was vanaf 1976 diaken. Hy wil graag vasstel wie die **eerste vrouediakens vanaf 1970** was. 'n Mev Botha van Oudtshoorn was in 1979 die eerste vrou wat 'n AKV as afgevaardigde bygewoon het. Dit was waarskynlik as diaken en nie as ouderling nie, aangesien eers by die AKV van 1979 besluit is om die ampte van ouderling en predikant vir vroue oop te stel. Wie was dan die eerste **vroue-ouderlinge** in die Kerk vanaf 1979? Ds (nou prof) Yolanda Dreyer is in Januarie 1981 as **eerste vrouepredikant** in 'n Afrikaanse kerk georden, nadat sy aan die einde van 1980 gelegitimeer is. **Inligting oor die eerste vrouediakens en vroue-ouderlinge** kan aan prof Beukes per WhatsApp gestuur word, na 072 036 4960.
- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2021 Teologie** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om dit as student van die Kerk te doen. Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Augustus plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 21 Augustus** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van die voorsitter van die Kuratorium, dr Rudy Denton (rudydenton@outlook.com).
- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis met ingang van 1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en erediens op kerklike feesdae. Aansoekers moet 'n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrou wees met 'n groot 3-manueel-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of nhbhs@nhk.co.za. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**

Vergaderings

- Donderdag 13 Augustus: ADV Dagbestuur
- Vrydag 14 Augustus: Rata 360
Moderamen
- Donderdag 20 Augustus: Pensioenvergaderings
- Vrydag 21 Augustus: Raad van Finansies

'n Gedig

lewenslig

so, dis dan die buitewêreld!
terwyl ek my armpies rek
na die nege maande swewend
my strek na rubberhande bewend

wat my raps op die boud en
hulle is laf hulle knip vir ma af
en ek haal, asem
longe word longe,
dan die eerste sterwenskreet

maar wie is nou daardie simpel ou
daar eenkant wil ek weet
hoekom wys sy tande so en hoekom
is daar water in sy oë

Prevot van der Merwe
(Uit: *Boerejive*, 1990)


Kerklike publikasies



Bybelse Dagboek / Almanak 2020
R185 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting
oor die Hervormde Kerk
en 'n inspirerende Bybelse
dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

- 
- **Prof Johann Beukes** van Gemeente Weltevreden in Johannesburg se boeke, *Middelêuse Filosofie* (Pretoria: Akademia, 2020; 'n omvangryke werk in twee volumes wat 148 hoofstukke bestryk) en *Foucault in Iran, 1978-1979* (Kaapstad: AOSIS, 2020), het pas verskyn. Prof Beukes is lid van die uitgelese Middelêuse vakvereniging SIEPM (Société Internationale pour l'Étude de la Philosophie Médiévale) asook die Nederlands Foucault Cirkel. Hy werk vanaf 2020 oorwegend vanuit Nijmegen in Nederland.


'n Bybelse tydlyn

Brei jou Bybelkennis uit
Ideaal vir kategese

3 x A2-glansplakkate
Soos in *Die Hervormer* van
April, Mei en Junie 2020

R75 (versending uitgesluit)
per stel van 3

Bestel van Sarie Roux by sentik@nhk.co.za



NHKA | Die Hervormer

Skepping tot en met die koningskap van Saul

'n Bybelse tydlyn - 1

Bybelse tydlyn - 2

Bybelse tydlyn - 3

Allegaatjie

“Nie net moet daar nooit korrupsie wees nie, daar moet ook geen skyn van korrupsie wees nie. Korrupsie is soos swangerskap – jy kan nie net halfpad verwagting wees nie. (Beeld-redaksioneel, 31 Julie 2020)

Barmhartigheid

- **NHSV vrywillige uitbetalings Augustus 2020.** Terwyl ons beseft dat die Covid-19-pandemie ook 'n impak het op NHSV takke, wil die NHSV Hoofbestuur takke tog herinner aan die vrywillige uitbetalings wat gewoonlik gedurende Augustus gedoen word. Die riglyn vir die Augustus-uitbetalings is dat 'n tak moet probeer om 33% van haar inkomste, nadat die Mei-uitbetalings afgetrek is, aan die Hoofbestuur oor te betaal. Die ander 67% kan volgens eie diskresie aan u gemeente en gemeenskappe se barmhartigheidswerk bestee word. Onthou asseblief dat oorbetalings aan plaaslike instansies soos tehuise vir bejaardes direk aan die instansies oorbetaal moet word vanuit u tak – u stuur dus 'n aparte betaling direk aan hulle. Indien u tak as gevolg van omstandighede ook nog nie Mei se betalings gedoen het nie en u in staat is om dit wel te doen, kan u dit oorweeg om dit ook nou te doen. Bankdeposito's of elektroniese oorbetalings kan gedoen word. E-pos asseblief die betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetalings na finansies@nhsv.org.za.

- Wil jy 'n verskil maak en help om 'n kind, 'n vrou, 'n gesin te red van geweld en mishandeling? Word deel van die **Rata Care Alert Community** en voeg jou hand by ander mense wat só ernstig is oor geweld teen kinders en vroue dat hulle iets doen. Om sy maatskaplike diens te bly lewer en slagoffers van mishandeling te help, word al hoe moeiliker vir **Rata Maatskaplike Dienste**. Rata het met trots voortgebou op die fondament wat die Hervormde Kerk byna 75 jaar gelede gelê het. Vandag se omstandighede maak dat dit vir hierdie organisasie byna onmoontlik raak om te bly lewe. Daarom wil ons 'n gemeenskap vestig wat ernstig daarvoor voel om iets te doen. Ons volg egter 'n ander benadering waar ons nie net vra vir bydraes nie, maar waar ons ook iets teruggee, deur donateurs te help met hul maandelikse uitgawes. Ons werk saam met die *Mahala Loyalty Programme*. Vind meer uit oor hul aanbiedings by <http://www.mahalas.co.za> of 084 196 3733.

Jou waardevolle bydrae van 'n eenmalige donasie van R50, of 'n maandelikse bydrae van R50 of R100 of R150 of selfs nog meer, sal beslis help dat Rata sal kan voortgaan om sy noodsaaklike dienste te bly lewer aan 'n erg ontwrigte Suid-Afrika. Jy gee dus die waarde van 'n **bord kos van R50 eenmalig**, of jy kan 'n **bord of meer per maand borg** sodat iemand wat in vrees gelewe het, nie meer bang hoef te wees nie! Maak jou aanlyn **EENMALIGE DONASIE OF DEBIETORDER hier**.

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoning** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoning te koop teen R520 000
1 eenmanwoning te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoning te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com



Toerusting

- **Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling)**
Augustus 2020
 - 18-19 Sinvol besig na aftrede (3)**September 2020**
 - 14-18 Lentekonferensie
Roetekaart: Van wond tot verwondering
Volledig aanlyn
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
September/Oktober (datum later bepaal)
Gesinspretdag en windbukskompetisie
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
Wenner word aangekondig op die gesinsdag



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos.** **Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, oral waar ek gaan,
laat ek vingerafdrukke agter:
op die hande wat ek aanraak,
op mure, borde, ruite, deurknoppe, boeke...
Daar is geen wegkomkans nie.
Waar ek vat, plaas ek 'n teken van my identiteit.

Help my, Here, om vandag waar ek ook al gaan
hart-afdrukke na te laat.
Hart-afdrukke van regverdigheid en deernis,
van begrip en liefde,
van barmhartigheid en belangstelling.
Hart-afdrukke van hartlike vriendelikheid,
van opregte betrokkenheid en omgee.
Mag my hart vandag 'n ander hart aanraak
en 'n afdruk laat van u liefde.
Laat ek 'n sagte aanraking agterlaat
by 'n eensame buurman of buurvrou,
by 'n wegloopkind,
'n bekommerde ouer,
'n verstote oumens.
Here, stuur my vandag uit
om hart-afdrukke op mense se lewe te laat.
En as iemand sou sê:
Jou aanraking het my vandag versterk
of: *Jou nabyheid het my vertroos*,
laat hulle agterbly met die bewussyn
dat dit ú liefde was wat hulle in my optrede ervaar het.

Anoniem

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)